# Resensies/Reviews

POTGIETER, J.H. 1991. **'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona.**
Hervormde Teologiese Studies. Supplementum 3. 131 bladsye. Prys: Onvermeld.

**Resensent:** Gerrie Snyman (Departement Ou Testment, UNISA)

Die titel van die boek is 'n weergawe van wat Potgieter wou doen: om Bybelse literatuur (met name die boek *Jona*) narratologies te ondersoek. Voordat hy egter by só 'n ondersoek kom, verskaf die skrywer eers 'n *close reading* van die Hebreeuse teks (hoofstuk 2) en 'n struktuur- en retoriese analise van die poëtiese gedeeltes van die boek (1:14; 2:3-10 en 4:2-3). Eers by die vierde en vyfde hoofstukke sal lesers met 'n narratologiese benadering kennismaak.

Die benadering wat gevolg word, is dié van Genette se boek *Narrative Discourse* (1980). Waar Potgieter Genette se benadering ontoereikend vind, vul hy dit aan met Rimmon-Kenan en Sternberg se benaderings. Die proefskrif van Potgieter, waarvan hierdie boek 'n verwerking is (aldus die reeksredakteur), is dieselfde jaar (1988) ingedien is as wat Genette se opvolgboek (*Narrative Discourse Revisited*) verskyn het.

In 'n voorwoord tot hierdie publikasie sê prof. Ina Gräbe (Departement Literatuurwetenskap, Unisa) dat hierdie boek "'n waardevolle bydrae [lewer] deurdat die teoretiese verantwoording en praktiese illustrasie van 'n leesstrategie nuwe perspektiewe open vir 'n beter begrip van die boek Jona. Die implikasies van Henk Potgieter se bevindinge strek egter wyer omdat dit lig werp op die manier waarop verhale en poëtiese gedeeltes dwarsdeur die Bybel ingespan word om andersins moeilik verstaanbare religieuse beginsels en argumente vir alle lesers toeganklikter te maak". Daar kan aangesluit word by Gräbe se beoordeling van die boek. Die hantering van 'n narratologiese leesstrategie bring 'n heerlike speelse element in die lees van religieuse literatuur in. God word daadwerklik deel van die verhaal deurdat die afstand tussen God en mense oorbrug word. As karakter in 'n verhaal is dat asof Hy skielik net meer toeganklik is. Hy is nie meer God wat eenkant op 'n troon sit en mense eenvoudig manipuleer nie.

Die teks van Jona word vir lesers toeganklik gemaak met behulp van die narratologiese elemente soos tyd (volgorde van episodes, duur van episodes in vergelyking met die leestyd en frekwensie); ruimte en karakterisering. Hoewel die terminologie moeilik begrypbaar is vir die leek, verskaf Potgieter interessante waarnemings. 'n Mens word

bewus van die interessante spel tussen die reaksies van die heidene op die storm en Jona se reaksie op God se bevele (p. 52). Deur te kyk na die tempowisseling kom 'n mens agter hoe 'n leser deur die verhaal gestuur word terwyl die gebruik van sekere soorte herhalings 'n bepaalde aspek by die leser tuisbring. Die motief van *afdaal* beklemtoon by die leser die verwydering tussen Jona en Jahwe. Jona gaan weg van Joppe, hy gaan selfs af onder in die skip se ruim in en daal uiteindelik sover af as die 'doderyk'.

Potgieter se boek is egter nie sonder probleme nie. Die werk vorm struktureel nie 'n eenheid nie deurdat die verskillende hoofstukke nie behoorlik bymekaar aansluit nie. By elke hoofstuk ontbreek 'n slot wat die lesers van een hoofstuk na die volgende kan begelei. Ten spyte van die baie interessante dinge wat in die boek gesê word, hang bevindinge telkens in die lug omdat die implikasies nie altyd duidelik uitgespel word nie. Op bladsy 16 word gepraat van die implikasies wat die formele simmetriese opbou van die boek vir die betekenis van die boek het, maar die lesers word geen aanduiding gegee wat presies daardie implikasies is nie. Nie al die lesers gaan die implikasies van 'opbou' in hoofstukke vier en vyf raaksien nie. Die titel van hoofstuk vier verlei 'n mens ook om 'n *teoretiese* bespreking te verwag, maar uiteindelik gaan die bespreking meer oor die boek Jona. Dit sou gehelp het as die hoofstukopskrifte iets van die resultaat van 'n narratologiese lees van die boek Jona kon weerspieël.

'n Narratologiese benadering het baie waarde, mits die terminologie toeganklik gemaak word. Dit is moeilik om te bepaal watter soort leser Potgieter in gedagte het met die boek. Omdat die terminologie nie altyd behoorlik verduidelik word nie (bv. sekondêre en intensionele narratiewe wêreld) kry mens die indruk dat die leser van dié boek 'n ingeligte leser is, d.w.s. iemand wat weet hoe narratiewe werk. Persone wat nie hou van struktuuranalises nie gaan hoofstukke twee en drie moontlik vermoeiend vind, maar diegene wat narratologiese benaderings simpatiek gesind is, sal hoofstukke vier en vyf boeiend vind.

En gepraat van lesers. Ek het 'n probleem met die soort lesers wat Potgieter veronderstel die boek *Jona* lees. Sy soort lesers verteenwoordig die twintigste-eeuse leser en nie die lesers/hoorders toe die boek geskryf is nie. 'n Tekortkoming in die verhaalteorie wat Potgieter gebruik, is dat die gemeenskap waarbinne 'n verhaal ontstaan, nie in aanmerking geneem word nie. Enige verhaal ontstaan binne 'n sekere retoriese situasie waar meer veronderstel word as wat in 'n taal weergegee kan word. Potgieter sou dit maklik kon doen, want hy verwys na die retoriek in die boek *Jona*. Retoriek het nie net met sekere stylmiddele te doen nie, maar het ook te doen met die wyse waarop taal gebruik word om lesers tot 'n sekere punt te oorreed. Retoriek veronderstel 'n 'speelse' magspel.

Potgieter verwys ook na *teksproduksie* (p. 46). Dit is nie baie duidelik wat hy daarmee bedoel nie, maar dit lyk of hy die ontstaan van die boek *Jona* as vertelteks impliseer. Teks*produksie* veronderstel 'n skrywer wat binne 'n retoriese situasie optree om een of ander krisis te hanteer by wyse van taaluitinge. Met ander woorde, die teks is reeds binne 'n sosio-historiese omstandigheid ingebed. By die lees van die teks vind 'n verdere teksproduksie plaas by die lesers wanneer hulle die teks konstrueer op grond van nie net die tekens op papier nie, maar ook op grond van hulle eie sosio-historiese, kulturele, opvoedkundige en politieke agtergrond.

Die leser wat Potgieter impliseer, is nie die lesers wat deel was van die gemeenskap waarbinne die skrywer die boek *Jona* geskryf het nie, maar latere lesers wat ten minste die hele Ou Testament geken het, want hy veronderstel dat die lesers sekere strukture in die Psalms sal kan koppel aan die poëtiese gedeeltes van Jona en dat hulle kennis sou dra van die verwysing van Jona in 2 Konings 14:25. Hy veronderstel 'n *ingeligte leser.* In watter mate sou die verstaan van 'n teks soos die boek *Jona* binne die eerste lesersgemeenskap 'n sê kon hê in 'n moderne narratologiese verstaan van die boek? Potgieter voel 'n behoefte aan om die eerste lesersgemeenskap te betrek, want hy verwys na Jahwe se voorstelling wat tipies van die Persiese tyd sou wees. Maar dié opmerking is op die ou end alleen van belang vir die storievlak vir die verstaan van die karakters van Jona en Jahwe.

Die verwysings na 'eties' korrekte optredes (p. 76, 81) laat die vraag opkom in watter mate dit geldig is om 'n antieke teks te lees sonder kennisname van die werklike leser (bv. diegene wat Genette se narratologiese benadering gebruik) se eie sosio-historiese omstandighede. By hierdie verwysings wonder 'n mens volgens wie se etiek word die beoordeling gemaak: Potgieter s'n of die posteksiliese tydperk s'n? Dit is geldig om optredes wat in 'n verskillende historiese tydperk plaasgevind of beskryf is vanuit 'n veranderde waardesisteem te beoordeel, maar dit is ook belangrik om die verhaal in terme van die eie ontstaanswêreld te probeer begryp. Van hierdie ontstaanswêreld, die vermelding van 'produksie' ten spyt, het niks in hierdie boek tereg gekom nie, omdat Potgieter vanuit 'n paradigma werk waar die teks nie aan een of ander historiese situasie gekoppel hoef te word nie. Maar dan die vraag: hoekom enigsins verwys na die konsep *teksproduksie*? Teksproduksie is meer as net die blote vertelhandeling.

Uit Potgieter se boek wil dit voorkom of hy *teks as 'n deposito van betekenis* beskou. Hierdie beskouing kom die duidelikste na vore in die slothoofstuk van die boek waar hy dit het oor die 'boodskap' van die boek Jona. Die begrip *boodskap* veronderstel dat die betekenis in die boek (teks, storie en/of vertelhandeling) opgesluit lê en wat net deur die leser ontgin hoef te word. Potgieter praat ook van Jona as kortverhaal met daarom net *een* sentrale boodskap. Die wyse waarop Jona egter geklassifiseer word deur mense op p. 2-3 van Potgieter se boek, wys dat 'boodskap' eerder afhang van die

raamwerk waarmee die boek gelees word. Daar mag wel een sentrale boodskap wees wat deur die outeur bedoel is, maar dan kan daardie 'boodskap' nie op a-historiese of a-kontekstuele wyse ontgin word nie. Wanneer 'n mens dan boonop by so 'n *konstruksie van bedoeling* kom, is dit eenvoudig 'n leserskonstruksie wat gedoen is op grond van 'n bepaalde raamwerk - en lesers se raamwerke verskil. 'n Narratologiese raamwerk is bruikbaar, maar met inagneming van lesersraamwerke en die wyse waarop betekenis gegenereer word.

VAN STADEN, P. 1991. **Compassion - The Essence of Life. A Social-Scientific Study of the Religious Symbolic Universe Reflected in the Ideology/Theology of Luke.** Hervormde Teologiese Studies. Supplementum. Pretoria : Universiteit van Pretoria. 274 p.

**Resensent:** E. M. Cornelius (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

Van Staden tipeer sy boek as 'n sosiaal-wetenskaplike studie. Hy verduidelik (bl. 107) dat die gebruik van sosiologiese modelle nie noodwendig dui op 'n paradigmaverskuiwing in die wetenskap nie, maar dat die sosiaal-wetenskaplike benadering binne dieselfde paradigma as die historiese kritiek, slegs ander metodes en ander doelstellings het.

Van Staden kies Lukas 14 as teks vir analise. Op makrovlak identifiseer hy die literêre *genre* van die teks om sodoende vir hom 'n aanduiding te gee van watter metodologie hy moet aanwend in die literêre analise van die teks. Sy vooronderstelling is dan dat Lukas 'n narratiewe teks is, en dit lei tot die toepassing van die narratologie.

Binne die narratologie kom sake soos karakterisering, plot, tyd, asook manier van aanbieding voor. Dit help met ander woorde om die narratiewe wêreld te ontbloot. 'n Narratologiese ondersoek verskaf aan die navorser 'n sosiale wêreld wat hy met sosiaal-wetenskaplike tegnieke kan ontleed.

Binne die sosiaal-wetenskaplike model analiseer Van Staden onder andere die *rolle* en *status* binne die narratiewe wêreld van Lukas 14.

Op bladsy 110 skryf Van Staden "while the genre of a text is regarded as very important, it is also recognized that it does not constitute part of the intrinsic meaning of a text". Hierdie stelling is na my mening nie genoeg beredeneer nie, en soos dit tans daar staan, is die geldigheid daarvan te betwyfel.

Hierdie boek bly egter 'n uitstekende bydrae in die sin dat dit nie alleen *metodologies* die aandag vestig op die gesamentlike gebruik van literêre en sosiaal-wetenskaplike metodes nie, maar ook beslis *teologies* 'n bydrae maak. Wat die boek se gehalte verhoog, is dat Van Staden homself dwarsdeur die boek goed motiveer en alle begrippe van belang breedvoerig verduidelik.

Ek beveel hierdie boek nie net vir alle Nuwe-Testamentici aan nie, maar beslis ook vir almal wat metodologies belangstel in die sosio-wetenskaplike benadering.